**Skriflesing: Handelinge 9 vers 1 tot 31**
(In Handelinge 22 en 26 vertel Paulus weer sy eie verhaal as deel van sy verdediging)
**Tema: God roep en verander ons om Hom te dien.**

Ons het 'n spreekwoord wat sê dat 'n jakkals van hare, maar nie van snare verander nie. Dit beteken 'n skelm mens verander uiterlik, maar nie innerlik nie. Dit mag nie waar wees van ons verhouding met die Here nie. Ons moet toelaat dat Hy ons innerlik nuut maak. Dit sal dan ook in ons woorde, dade en gedagtes sigbaar word.

Saulus, van wie ons hier lees, was 'n volbloed Jood. Sy pa het Romeinse burgerskap gekry. Hy was dus ook 'n Romein. Hy is gebore in die Griekse stad Tarsis waar hy die gebruike van die Grieke leer ken het. Op 'n jong ouderdom trek sy familie Jerusalem toe. Met ander woorde die Here het, sonder dat hy daarvan bewus was, hom vroeg in sy lewe al begin voorberei vir sy besondere bediening.

In Fiippense 3 vers 4 tot 6 lees ons hoe hy sy lewe beskryf voordat hy 'n kind van die Here geword het. Vanuit 'n Joodse, voor-Christus, oogpunt doen hy baie goed. Hy haal gereeld die nuus. Hy het selfs 'n hutsmerk '#christians must fall' gehad.

Hy is iemand wat uitgestyg bo sy tydgenote. Hy was 'n gebore Israeliet en deel van God se Ou Testamentiese verbondsvolk. Hy is op die agtste dag besny. Hy dra die teken dat Hy aan God behoort. Nie alleen was hy 'n Israeliet nie: hy was deel van die room van die verbondsvolk. Hy kom uit die stam van Benjamin waaruit Saul, Israel se eerste koning, gekom het. Hy het 'n bloubloed-afkoms gehad.

Vir sy tyd het hy die hoogste moontlike geleerdheid gehad. Hy het die regte prestasies behaal. Sy CV was langer as jou arm. Volgens die Joodse wet het hy nie 'n voet verkeerd gesit nie.

Volgens die Fariseërs was Christus nie die Seun van God nie en die Christelike godsdiens was 'n gevaarlike dwaalleer. As voorbeeldige Fariseër was Saulus so ernstig oor die Joodse godsdiens dat hy al wat Christen was, ywerig vervolg het. Jerusalem en Damaskus was 216km van mekaar en hy hetn Damaskus toe gereis om die Christene te vervolg. Ons lees van sy vervolging in Handelinge 8 vers 1 tot 3 en Handelinge 9 vers 1 tot 2. In Handelinge 26 vers 11 sê Paulus self: "Dikwels het ek hulle in al die sinagoges laat straf om hulle te dwing om hulle geloof af te sweer. Ek het hulle so gehaat dat ek hulle selfs in die buitelandse stede vervolg het."

Radikale godsdienstige groepe kon by Paulus kom leer. In Handelnge 9 vers 13 tot 14 lees ons die getuigskrif wat Ananias vir Hom gee: "[13]Maar Ananias sê: "Here, ek het al by baie mense van hierdie man gehoor en van al die kwaad wat hy die mense wat in U glo, in Jerusalem aangedoen het.[14]En nou is hy hier met volmag van die priesterhoofde om almal gevange te neem wat u Naam aanroep."

Almal wat van hom hoor weet wie hy is en wat hy doen.(Handrling 9 vers 21). Die Christene in Jerusalem was bang vir hom.(Handelinge 9 vers 26).

Hy het 'n groot klomp godsdienstige prestasies behaal. Sy rakke was vol bekers en sertifikate. Die Joodse raad was baie tevrede met hom. Hy was 'n kerkmens wat die regte ding reg en voluit gedoen het. Hy kon al die blokkies afmerk.

Maar Hy het nie die Here gedien nie

Tog het Here hom gekies. Ons lees in Handelinge 9 vers 15: "Toe sê die Here vir hom(Ananias): "Gaan daarheen, want Ek het hom gekies as my werktuig om my Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel."

Kan jy dit glo? Ons moet die Here nooit beperk nie. Hy bevestig juis Sy genade wanneer Hy die mees onwaarskynlike kandidaat vir buitengewone take in Sy koninkryk kies. Hy kies vir Abraham, sonder natuurlike vermoë om 'n nageslag te hê, om die vader van die gelowiges te wees.
Hy kies vir Moses die hakkelaar met 'n moordenaarsverlede om die volk uit Egipte te lei. Hy kies vir Ananias om na Saulus te gaan met sy boodskap. Nadat ons hier van Ananias gelees het, hoor ons nooit weer van hom nie.

Saulus loop Hy hom teen Here vas op die pad na Damaskus. En die Here verander sy lewe radikaal. Soveel so dat dieselfde Paulus in Filippense 3 vers 7 tot 10 bely dat die blokkies wat hy afgemerk het nou vir hom niks beteken nie. God het sy prioriteite onherroeplik verander.

Het jy al so teen God vasgeloop? Het jy God kans gegee om jou radikaal te verander - hare en snare?

Hy verander my en jou kop. Hy gee ons 'n nuwe manier van dink oor goed. Saulus het die Ou Testament geken. Hy het geglo dat 'n mens gered word deur onderhouding van die wet. Nou getuig hy dat die enigste verlossing deur geloof in Jesus Christus is.

Die Here verander elkeen van ons se hart. Hy gee ons 'n nuwe passie. Wanneer Ananias Saulus gaan soek, vind hy hom waar Hy besig is om te bid.

Hy verander ons menswees. Saulus, wat eens so vol was, raak nou leeg van homself. Alles gaan vir hom oor die Here. Hy het alles prysgegee ter wille daarvan om Jesus te volg. Sy naam verander van Saulus, wat "begeer" beteken na Paulus wat "klein" beteken.

Maar God roep nie mense net om hul van die hel te red nie. Hy roep elkeen van ons op tot 'n taak. Hy roep ons om in Sy diens te staan. Kyk wat is eerste ding wat Saulus doen nadat Hy weer kan sien en van die donker na die lig gered is. Hy is met die Heilige Gees vervul, is gedoop en het geëet. Hy het 'n paar dae by gelowiges in Damaskus gebly en het getuig.(Handelinge 9 vers 20). Hy het al kragtiger gepreek. Ons lees in Handeline 9 vers 28 tot 29 hoe hy in Jerusalem getuig. Waarskynlik het hy net 15 dae daar gepreek voor hy moes vlug vir sy lewe. Hy het so kragtig getuig dat die Jode hom ten alle koste wou stilmaak. Tweemaal in die kort tydjie waarin hy die Here dien, probeer hulle hom doodmaak.

Ten spyte hiervan word vyand nommer 1 van die kerk die persoon wat, naas Jesus, die grootste positiewe invloed op die Christendom het. Selfs toe hy nog vyand nommer 1 was, het sy vervolging van Christene gemaak dat hulle uitmekaar gespat het en die evangelie oral versprei het. Hy onderneem 3 groot sendingreise. Hy skryf 13 van die 27 boeke in die Nuwe Testament. (Al die boeke van Romeine tot Filemon.)

Het dit al in jou lewe gebeur?  Het jy al 'n persoonlik ontmoeting met Here gehad wat gevolg is deur 'n radikale nuwe verhouding met Hom, 'n nuwe kop, hart, menswees en 'n nuwe lewe van getuie wees?

God het nie 'n enkele greintjie van Paulus verlore laat gaan nie. Hy het sy agtergrond, sy burgerskap, sy verstand en selfs sy swakhede gebruik. Is jy beskikbaar, want die Here wil dit ook met jou doen.
**Amen**